Afrikaans Huistaal

Graad 10

Vraestel 1 (Taal in konteks)

Junie 2014

Tyd: 2 uur

Punte: 70

MEMORANDUM

Die nasien van die Begripstoets

- Omdat die klem op begrip val, moet spel- en taalfoute nie in die antwoorde gepenaliseer word nie, behalwe wanneer sodanige foute die betekenis of begrip verander. (Foute moet steeds aangedui word.)
- Indien die kandidaat woorde gebruik anders as die taal wat eksamineer word, verontagsaam daardie woorde en wanneer die antwoord steeds sinvol is, moenie penaliseer nie. Wanneer ’n woord van ’n ander taal egter in ’n teks gebruik is en in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By vrae met oop antwoorde word geen punte vir JA/NEE of EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE toegeken nie. Die rede/bewys/ motivering moet oorweeg word.
- Geen punte moet toegeken word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie.
- MENING. Die rede/bewys/motivering moet oorweeg word.
- As antwoorde wat een woord vereis in ’n sin beantwoord word, ken die punt toe op voorwaarde dat die kandidaat die korrekte woord onderstreep het.
- Wanneer twee of drie feite vereis word en ’n hele reeks word gegee, sien slegs die eerste twee of drie na.
- Aanvaar beide die letter van die ooreenstemmende antwoord EN/OF wanneer die antwoord uitgeskryf is by veelkeusige vrae.

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

TEKS A: ARTIKEL

1.1	"seer"√	(1)	V1
1.2	"gewraakte"√	(1)	V1
1.3	Hy is nie werklik uitgeskop nie/die woord is konnotatief gebruik/dit is slegs sý mening dat hy onregverdig behandel is/dit is die term wat hy gebruik.√	(1)	V3
1.4	Hulle kyk hoe ver hulle met 'n saak kan gaan/ hulle kyk hoe ver hulle van die normaal aanvaarbare (norme) kan afwyk/hulle tree uitdagend op√	(1)	V3
1.5	Mense het gedink dit is 'n grap; hulle het gedink dit is 'n reklametruuk – ('n nuwe veldtog); hulle het gedink dit is die begin van 'n nuwe treffer.√√ (Enige twee)	(2)	V1
1.6	Die nuus het bekend geraak/almal het skielik daarvan gehoor of geweet/Philip het aan almal vertel dat hy uit die groep geskop is.√	(1)	V2
1.7	Hy wou 'n Audi TT hê√ en geld maak.√	(2)	V1
1.8	Hy is Engelssprekend√ maar is deel van 'n suksesvolle Afrikaanse groep.√	(2)	V2
1.9	Hy het dit vir sy eie doelwit gebruik√ sonder dat die ander lede van die groep daarvan geweet het.√	(2)	V3
1.10	Hy is 'n moeilikheidmaker/hy hou daarvan om probleme te veroorsaak√	(1)	V3
1.11	Philip is negatief teenoor hulle/beskuldig hulle daarvan dat hulle hom onregverdig behandel het,√ terwyl die ander lede hom wil bystaan en vir hom omgee.√	(2)	V3
1.12	Dit was vir hom lekker om deel van die groep te wees.√	(1)	V1
1.13	Die ander groeplede.√	(1)	V2

1.14 Oop antwoord, bv.: Nee – hulle probeer hom so ver moontlik bystaan in die moeilike tyd; hy was per slot van rekening self die oorsaak daarvan dat hulle hom gevra het om die groep te verlaat. Ja – hulle het hom gevra om die groep te verlaat omdat hulle te laat besef het hoe ernstig die probleme is.√ (1) V4

1.15 Hulle verhouding het vertroebel√ en hulle kon nie meer sinvol met mekaar praat nie.√ (2) V3

1.16 Philip het dikwels kwaad geword.√ (1) V2

1.17 Die lede moes vroeër besef het hoe ernstig die probleme is.√ (1) V3

1.18 Vier√ (1) V2

TEKS B: VISUELE TEKS

1.19 Teks A handel hoofsaaklik oor ’n Suid-Afrikaanse rockgroep en die plakkate beeld tipiese rockmilieus uit.√ (1) V3

1.20 Eie mening.√ (1) V4

1.21 Plakkaat 1 en 3.√ Beide het ’n “kunstenaar” en ’n kitaar.√ (2) V3

1.22 Vreugde/ekstase ens.√ (1) V2

1.23 Philip ervaar geen vreugde nie – eerder woede/ongelukkigheid ens.√ (1) V4

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

	Aanhaling		**Eie woorde/Feite**
1	elke mens soek iets behalwe sy eie spesie om te vertroetel en te versorg.	1	Diere voorsien in die behoefte om ’n ander spesie as die mens te vertroetel en te versorg.
2	Daar is geen beter manier om jong kinders verantwoordelikheid te leer as om hulle vir ’n dier te laat sorg nie. Gou besef hulle dat sommige verantwoordelikhede net nie verwaarloos kan word nie.	2	Die versorging van diere leer aan jong kinders verantwoordelikheid.
3	Dink byvoorbeeld aan honde wat opgelei is om vermiste mense se spore te volg en hulle in vele gevalle te vind – lewend of dood.	3	Opgeleide kan vermiste mense lewend of dood opspoor.
4	Die funksie wat gidshonde speel om aan blindes ’n groot mate van onafhanklikheid te gee, is van onskatbare waarde. Die blinde en sy gidshond is onafskeidbaar.	4	Gidshonde gee aan blindes afhanklikheid.
5	Ernstige siek mense of bejaardes vind ontsaglike baat by die omgang met troeteldiere – al herstel hulle nie fisies nie, word hul geestelike gesondheid gestimuleer.	5	Diere verbeter/stimuleer die geestelike gesondheid van bejaardes en ernstige siek mense
6	Honde word dikwels op lughawens ingespan om dwelmmiddels uit te ruik en die dwelmhandel so te bekamp, wat weer tot ’n gesonder samelewing en verminderde misdaadsyfers bydra.	6	Honde verminder misdaad en bevorder ’n beter samelewing deur dwelms op lughawens op te spoor.
7	Honde word reeds opgelei om kankerselle uit te ruk. Dit dra by tot ’n vroeë diagnose en nog ’n lewe kan gered word.	7	Opgeleide honde ruik kankerselle uit en help red sodoende lewens.

Troeteldiere verskaf geleenthede aan die mens om ’n ander spesie as hyself te vertroetel en te versorg. Jong kinders leer verantwoordelikheid deur ’n troeteldier te versorg. Gidshonde help blindes om meer onafhanklik te wees. Bejaardes en ernstige siekes se geestestoestand word deur die interaksie met troeteldiere verbeter. Opgeleide honde spoor dwelms op lughawens op en verminder so misdaad en verbeter die samelewing. Honde word geleer om kankerselle te ruik en help dus lewens red.

TOTAAL AFDELING B: 10

Die nasien van die opsomming

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

Puntetoekenning:

- 7 punte vir sewe feite (1 punt per hooffeit)
- 3 punte vir taal
- Totale punt: 10

Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woord vir woord aangehaal het nie:

- 1 – 3 feite korrek: ken 1 punt toe
- 4 – 5 feite korrek: ken 2 punte toe
- 6 – 7 feite korrek: ken 3 punte toe

Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat woord vir woord aangehaal het:

- 6 – 7 aanhalings: geen punt vir taal word toegeken nie
- 1 – 5 aanhalings: ken een punt vir taal toe

LET WEL:

Aantal woorde:

- Daar word van nasieners verwag om die aantal woorde te verifieer.
- Moenie punte aftrek wanneer die kandidaat nagelaat het om die aantal woorde aan te dui nie, of as die aantal woorde nie korrek aangedui is nie. Indien die aantal woorde oorskry is, lees tot die laaste sin na die maksimum aantal woorde (90) en ignoreer die res van die opsomming.

Sien bladsy 8 van:
OFFICIAL LANGUAGES:
HOME LANGUAGE
EXAMINATION GUIDELINES
GRADE 12
2014

[Die bogenoemde riglyne maak geen melding van opsommings wat in die verkeerde formaat aangebied is nie.]

AFDELING C: TAAL

VRAAG 3: SPOTPRENT

3.1 Die skurk het my omgery en nie eers gestop nie.√ (1)

3.2 skelm/gemene vent/bedrieër (1)

3.3 okay√ (1)

3.4 goed/reg/in orde√ (1)

3.5 polisie√ (1)

3.6 pette√ (1)

3.7 lewensverhaal√ (1)

3.8 Hy sal deur die pote gevang word.√ (1)

3.9 slagoffer√ (1)

3.10 ooggetuie/getuie√ (1)
[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT

4.1 Meester sê aan die klas dat√ hulle hierdie dag √ oor chemiese verbindings <u>praat</u>. (Let op woordorde)
Meester sê aan die klas hulle praat hierdie dag oor chemiese verbindings.√ (2)

4.2 verbindinge√ (1)

4.3 gekombineer√ (1)

4.4 groot/harde√ (1)

4.5 plof√ (1)

4.6 Hulle tap die water in ’n groot kan.√ (1)

4.7 Fisiese Wetenskap; Lewenswetenskap; Natuurwetenskap√ (1)

4.8 Hy hou van dinge wat kan verkeerd loop/Hy hou van ontploffings√ (1)

4.9 Hiérdie√ (1)
[10]

VRAAG 5: ARTIKEL

5.1	Franci's√	(1)
5.2	Christiaan J de Wet√	(1)
5.3	tipiese√	(1)
5.4	roemryke√	(1)
5.5	Mikrofoon√	(1)
5.6	op/oor	(1)
5.7	ervare/baie ondervinding√	(1)
5.8	Sy (Franci) sê: "Ek is tog spyt dat ek nie jare gelede meer geleenthede gehad het om myself as aktrise te bewys nie."√	(1)
5.9	akteur√	(1)
5.10	veelsydige (aanvaar ook maar talentvolle)√	(1)
		[10]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 70